Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# INTERMEDIÊRE FASE

## GRAAD 6

## NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **40**

**TYD:** **1 uur**

**NAAM:** ______________________________

*6AFHL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | KYK- EN LEESBEGRIP | (25 punte) |
| AFDELING B: | TAAL | (15 punte) |

2. Beantwoord al die vrae.

3. Vul die antwoorde op die vraestel in.

4. Skryf netjies met blou of swart ink.

5. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ’N KORTVERHAAL

Lees die volgende kortverhaal mooi deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Kortverhaal:** deur Charlotte Mbali

1. ŉ Skool op die platteland besluit op ŉ dag om met ŉ kosprojek vir die skoolkinders te begin. Hulle wou daagliks ŉ gekookte maaltyd aan leerders voorsien. Dit is nodig omdat baie van die kinders elke dag ver skool toe moes stap en dan weer huis toe. Hulle het nie tyd om by hulle huise te eet nie. Die bestuursraad en ŉ paar van die ouers het drie kamers vir die kos gebou. Die kamers word elke dag gesluit met sterk slotte en daar was drie kokke wat die kos buite kook.

2. Op ŉ dag kom een van die kokke agter dat die kos wegraak en rapporteer dit toe aan die hoof, Meneer Tswala. Die hoof ontbied toe dadelik die polisie om te help om die kosdief te vang. Die polisie het die pakkamers dopgehou, maar kon nie die dief vang nie.

3. “Dit moes iemand in die skool wees,” sê die polisieman. Die hoof sit met sy hande in sy hare. “Wat kan ons doen?” vra die hoof toe.

4. Die raad stel toe voor dat hulle die sangoma vra om te help om die dief te vang. Die sangoma nooi toe al die kinders, onderwysers en kokke om twaalfuur by die kookplek bymekaar te kom. Hulle moes hul skoon was en mooi aantrek. Hy beveel die hoof om ŉ mes en ŉ swart haan te bring.

5. Daardie nag slag hulle die haan en sit dit onder in ŉ groot pot. Die sangoma beveel elkeen om op die pot te sweer dat hy of sy nie die dief is nie. Die krag van die pot sal die dief uitwys.

6. Al die mense doen wat die sangoma sê. Hy beveel hulle toe om hul hande op te lig en na hom te wys. Hy wys toe na een van die kokke as die dief. Sy het geweet sy is skuldig en was bang om aan die vuil, swart pot te vat.

[Verwerk en verkort uit die “*Food Thief and the Chief of Robbers*”, Maskew Miller Longman]

1.1 Kies die korrekte antwoord. Omkring die korrekte antwoord.
Hoeveel kamers het hulle vir die kos gebou?

A Twee
B Vyf
C Drie
D Vier (1)

1.2 Wie het agtergekom dat daar van die kos wegraak?

A Die hoofkok
B Die polisie
C Die sangoma
D Die leerders (1)

1.3 Meneer Tswala het dadelik die ... ontbied.

A ambulans
B polisie
C sangoma
D kokke (1)

1.4 Beantwoord die volgende vraag in ŉ volsin:

Waarom het die skool besluit om die kosprojek te begin?

______________________________ (1)

1.5 Haal ŉ woord uit paragraaf 4 wat na "middernag" verwys.

______________________________ (1)

1.6 Die sangoma is die belangrikste karakter in die storie. Stem jy saam? Gee ŉ rede vir jou antwoord.

______________________________ (2)

1.7 Identifiseer die alliterasie in paragraaf 5 en skryf dit neer.

______________________________ (1)

1.8 Watter les kan jy uit die storie leer?

______________________________ (1)

1.9 Wat beteken die volgende gesegde? "Die hoof sit met sy hande in sy hare".

______________________________ (1)

1.10 Gee ŉ gepaste titel vir die kortverhaal.

______________________________ (1)
**[11]**

## VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die volgende advertensie uit "*Die Burger*" en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.




[Bron: Spotprent uit *Die Burger*, 16 Julie 2008]

2.1 Waar, dink jy, het die advertensie verskyn?

________________________________________________ (1)

2.2 Watter sin in die advertensie laat Mama Taxi gevaarlik klink?

________________________________________________ (1)

2.3 <u>Voltooi die sin</u>:
Net toe jy gedink het dis weer veilig op die pad ____________________ (1)

2.4 Hoekom, dink jy, vra die skrywer die vrae?
Is dit 'n voël? Is dit 'n vliegtuig?

________________________________________________ (1)

**[4]**

## VRAAG 3: INLIGTINGSTEKS

**LEES:**

Lees die inligting oor die voordele en nadele van MXit en beantwoord dan die vrae.

**Waarom is MXit voordelig?**

- MXit is ŉ goedkoop manier om te gesels en dit is maklik om te registreer.
- Boodskappe kan in die werklike tyd gestuur word en in kletskamers kan ŉ mens met meer as een persoon gelyktydig praat.
- ŉ MXit-boodskap kos minder as ŉ SMS en ŉ MXit-boodskap kan tot 2 048 letters hê, waar ŉ SMS net 160 letters kan hê.
- Behalwe in Engels, kan ŉ mens in Afrikaans, Xhosa of Zoeloe gesels.
- Jy kan musiek, videospeletjies, lugtyd en elektrisiteit deur MXit koop.

**Wat is MXit se nadele?**

- Leerders se skoolwerk kan verswak, want MXit is verslawend.
- Mense MXit wanneer hulle eet, gesels, skoolgaan, huiswerk doen en selfs wanneer hulle fliek.
- MXit is onpersoonlik en veroorsaak dat mense nie meer maklik met mense kan gesels en hulle in die oë kyk nie.
- MXit-taal en -skryfstyl kan leerders leer om verkeerd te spel en te skryf.
- Kinders kan maklik op verkeerde kletskamers ingaan wat nie by hulle ouderdom pas nie, want jy hoef nie te sê wie jy is nie.
- Dit is baie maklik om ŉ kuberboelie te wees. Die boelie hoef nie sy slagoffer in die oë te kyk nie, maar stuur net ŉ boodskap.

[Verkry uit *"Afrikaans is maklik"*]

3.1 Onderstreep die korrekte antwoord tussen hakies:

Dit is (ingewikkeld, eenvoudig) om te registreer. (1)

3.2 Waarom is MXit baie onpersoonlik volgens die skrywer?

________________________________________ (1)

3.3 3.3.1 Is die volgende stelling waar of onwaar?
Ons kan in vier tale op MXit kommunikeer.

________________________________________ (1)

3.3.2 Motiveer jou antwoord met ŉ sin uit die leesstuk.

________________________________________ (1)

3.4 Wat is ŉ kuberboelie?

______________________________________________________________________ (1)

3.5 Kies die korrekte antwoord. Omkring die korrekte antwoord.
ŉ MXit boodskap kan tot ... letters hê.

A 2 038
B 2 048
C 2 068
D 1 048 (1)

3.6 Watter soort teks is bostaande – ŉ inligtingsteks of ŉ instruksieteks?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

### VRAAG 4

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.




[Bron: Spotprent uit *Rapport*, 4 Mei 2011]

4.1 Vul die voorsetsel in wat uitgelaat is:

Janine praat ... haar pa. (1)

4.2 Gee die meervoude van die woorde tussen hakies:

Die (selfoon) is in haar (hand).

____________________________________________ (2)

4.3 Skryf die sin in die verlede tyd:
Die oom wil hê sy kind moet hom help, daarom skryf hy dit neer.

____________________________________________ (1)

4.4 Skryf die sin in die toekomende tyd:
Janine help haar pa om 'n boodskap te stuur.

____________________________________________ (1)

4.5 Gee die intensiewe vorm van die woord tussen hakies:
Janine se pa se selfoon is (baie nuut).

______________________________________________ (1)

4.6 Haal ŉ bevelsin uit die strokiesprent aan.

______________________________________________ (1)

4.7 Skryf die sin in die indirekte rede.:
Janine sê aan haar pa: "Jy moet net die groen knoppie druk."

______________________________________________ (2)
**[9]**

**VRAAG 5: SPOTPRENT**




[Bron: Spotprent uit *Volksblad*, 5 Januarie 2012]

5.1 Gee die verkleinwoord van die woord tussen hakies.
Die seun sit op die (sofa).

______________________________________________ (1)

5.2 Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies om een goeie sin te vorm.

Die seun se ouers spog. Hy het geslaag. (omdat)

______________________________________________ (1)

Kopiereg voorbehou 

5.3 Gebruik die woord “deur”’ in die leesstuk in ŉ sin sodat dit ŉ ander betekenis het, as wat dit in die leesstuk het.

______________________________________________________________ (1)

5.4 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.
Die seun sit (elke dag) voor die televisie.

______________________________________________________________ (1)

5.5 Gee EEN samestelling vir die woord tussen hakies.
Ma hou die (koerant + papier) in haar hand.

______________________________________________________________ (1)

5.6 Sê watter woordsoort die onderstreepte woord is.

Jannie sit ongeërg en televisie kyk, want hy weet dat hy geleer het. Sy <u>kwaai</u> ouers het hom belowe dat hulle Durban toe kan gaan.

Hoofwerkwoord **OF** Eienaam **OF** Byvoeglike naamwoord (1)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING B: 15**
**GROOTTOTAAL: 40**